## AFDELING D: LETTERKUNDE

## *FEESMAAL* – EA Swanepoel

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE VRAE.

Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

### VRAAG 7: *'N TUISNYWERHEID LANGS DIE PAD* – Riana Scheepers

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy kan hoor hoe hulle praat en lag.
> Dié wat alreeds by die stalletjies is, is besig om pynappels en patats in R2,00-hopies uit te tel. Hulle pak die ryp vrugte en groente in regop hopies op die hardgetrapte grond voor hulle afdakke uit, en bind dit met 'n dun reep piesangblaar vas dat dit so spits kan bly staan. As hulle die vrugte onder die sinkdakke in die koelte pak, kan die mense in die motors nie sien dat daar iets aangaan nie, en dan ry hulle verby, na 'n ander stalletjie toe.

7.1 Waarheen was die seun met die vis op pad? (1)

7.2 Waarmee het die seun die vis gevang? (1)

7.3 Hoeveel geld wou hy vir die vis gehad het? (1)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Waarom het die seun nie in die vis se oë gekyk nie?
Hy was bang ...

A die vis word lewendig.
B vir die vis se kieue.
C die vis val uit die koerant.
D die vis kyk vir hom. (1)

7.5 Hoe het die vrouens hul skottels vrugte by die markplek gekry? (1)

7.6 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

'n Ma en haar dogter het by die markplek gestop.
Wat het die meisie se ma vir haar by die markplek gekoop?

A Grasmandjies
B Grasmatjies
C Grashoedjies
D Grasarmbande (1)

Kopiereg voorbehou 

7.7 Die seun het die vis onder die afdak by die markplek neergesit.

7.7.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

7.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.7.1. (1)

7.8 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.8.1–7.8.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.8.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.8.1 Visverkoper se ma | A het gebraaide mielies verkoop. |
| 7.8.2 Ma se suster | B het dieselfde rympie opgesê as die karre stilhou. |
| 7.8.3 Markvroue | C het gesê die vis was die rede dat alles vrot was. |
| 7.8.4 Drikus en Adriaantjie se ma | D het 'n trommetjie met 'n masker-motief gekoop. |
| | E het vis in vuur-as gaargemaak. |

(4 x 1) (4)

7.9 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (7.9.1–7.9.4) en die woord neer.

| seile; pad; koekblikke; vrou; vrugte; kleure |
|---|

Die verhaal het by 'n verkoopplek langs die (7.9.1) ... afgespeel. Daar is (7.9.2) ... en artefakte verkoop. Dit is net as die mense die helder (7.9.3) ... van die vrugte gesien het, dat hulle gestop het om te koop. Van die motors wat stilgehou het, se ruite was met (7.9.4) ... toegepak. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Wat vir 'n vis is dit? vra hy. Hy druk met sy vinger teen die vis se slymerige vel. Die kind verstaan nie wat hy sê nie, kyk hom woordeloos aan. Die jongste seun gaan sit ook op sy hurke voor die vis.
> Waar kry jy die vis, mfana? vra hy.
> Verkoop jy die vis?

7.10 Waarom het die kind met die vis nie verstaan wat die seun gesê het nie? (1)

7.11 Waarom kan ons sê dat die kind met die vis nie geweet het hoe om sy vis te verkoop nie? (1)

8.6 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.6.1–8.6.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.6.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.6.1 Die verteller | A sou self by die huis kom. |
| 8.6.2 Die seun se pa | B wou die stofie regmaak en verkoop. |
| 8.6.3 Die seun | C was baie besig met sake. |
| 8.6.4 Die seun se ma | D wou die stofie regmaak en gebruik. |
| | E moes die tjips bak. |

(4 x 1) (4)

8.7 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die seun het nie so lekker in die koshuis geëet nie omdat hulle …

A elke dag vis en skyfies gekry het.
B nooit aartappels gekry het nie.
C te veel groente gekry het.
D net een keer per week poeding gekry het. (1)

8.8 Wanneer was die seun se pa gewoonlik by die huis? (1)

8.9 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hy wou graag Saterdae by die huis wees omdat …

A hy vir sy ouers vleisgebraai het.
B dit lekker stil en rustig was.
C sy vriende daar sou kom swem.
D sy ouers nie by die huis was nie. (1)

8.10 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (8.10.1–8.10.4) en die woord neer.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ma; | brood; | winkeltjie; | pa; | koeldrank; | garage; | tjips |

Die seun het die verteller gevra om hom by die (8.10.1) … af te laai. Die seun se (8.10.2) … sou hom daar kom haal. Dit het die verteller gepas, want hy moes (8.10.3) … koop. Met die afklim het die verteller die seun gevra of hy lus was vir (8.10.4) … (4)

